Hoe om ’n gereedskaptas vir ’n spanoffisier saam te stel

Offisier

Hier is ’n versameling van items wat baie handig vir ’n spanoffisier is. Plaas die items in ’n houer of tas en sorg dat dit in jou kattebak is.

Onderwerp: Voortrekkerspanbyeenkomste

Stappe

Hou die volgende items altyd byderhand vir Voortrekkerspanbyeenkomste. Dit is ’n offisier se gereedskapstas.

1. **Plastieksakke**
   Gee vir elke spanlid ’n inkopiesak. Laat hulle enige items versamel bv. blare met verskillende vorms, sade, houtjies (vir vuurmaak) ens. Dit kan ook gebruik word om die omgewing skoon te maak. Laat spanlede rommel optel.
2. **Toue (verskillende diktes)**
   Sorg vir genoeg toue vir elke spanlid. Oefen verskillende knope en speel touwerkspeletjies. Gebruik toue ook vir driebeenreisies. Speel die speletjie waar drie toue ’n meter van mekaar geplaas word. Spanlede staan in ’n ry agtermekaar. Laat spanlede tussen elke tou trap. Skuif elke keer die tou verder. ’n Spanlid is uit as meer as een tree tussen die toue gegee word of as die spanlid op die tou trap.
3. **Kegels**
   Baie handig vir speletjies, doelpale en om ’n gebied aan te dui.
4. **Rooiband**
   Gebruik as beginstreep, wenpaal of om ’n baan af te meet.
5. **Groot bal en tennisballe**
   Speel verskillende speletjies soos bok in die hok, gooi net die bal, sokker ens. Jy kan ook ’n vraag vra en die een waarvoor die bal gegooi word, moet antwoord.
6. **Koerantpapiere**
   Handig om op ’n tafel te plaas wanneer handwerk gedoen word. Kan ook ’n vuur daarmee begin. Kan ook gebruik word vir speletjies soos dat spanlede net op die koerante mag trap of dat koerante die den is. Rol koerant op en dit dien dan as slaanding vir derdemannetjie.

Stappe

7. **Penne, potlode, inkleurkryte, skêre en skoon papier**
   Kan antwoorde neerskryf, teken, plak, ens.
8. **Ou tydskrifte**
   Spanlede kan deur tydskrifte blaai en verskillende prente soek bv. van gesonde kos.
9. **Ballonne**
   Daar is baie speletjies wat met ballonne gespeel kan word.
10. **Fluitjie**
    Gebruik die fluitjie om jou span se aandag te kry of fluitseine te oefen. Dit is ook ’n handige hulpmiddel om ’n groep stil te kry.
11. **Die Voortrekkers se speelkaarte** of ander kaartjies wat die Voriemôl verkoop
    Gebruik vir kaartspeletjies.
12. **Blinddoeke**
    Dit kan gebruik word vir speletjies soos Adam en Eva of drie-been resies.

Wenke

1. Gebruik die items as daar nog tyd oor is tydens ’n spanbyeenkoms vir verskillende aktiwiteite.